Solidariteit se plan van hoop

Saamgestel deur Dirk Hermann

Mei 2009

1) Agtergrond

Die Suid-Afrikaanse verkiesing is pas agter die rug en die uitslag is weer oorweldigend ten gunste van die ANC. Daar is tog tekens van hoop: die ANC se steun het afgeneem en hulle tweedederdemeerderheid is gestop, ’n nuwe politieke party het op die toneel verskyn en ’n regeringsverandering het in die Wes-Kaap plaasgevind. Verder het ontleders bevind dat die stempersentasie in oorwegend swart stemdistrikte relatief laag was – in die 70 persent. In die oorwegend bruin distrikte was dit ongeveer 80 persent en in die oorwegend wit distrikte was dit ’n merkwaardige 90 persent. Blankes het dus in hulle massas gaan stem.
Daar bestaan nogtans kommer oor die toekoms. Volgens ’n Media24-webopname het 86 persent van die mense wat gestem het, nie hoop vir Zuma se presidentstermyn nie. Dit is om hierdie rede dat Solidariteit sy aksieplan van hoop, die Veg Vorentoe Plan van Hoop, bekend stel. Volgens dié plan moet ons nie ons hoop vestig op ’n eksterne faktor waaroor ons geen beheer het nie. Ons moet self beheer oor ons hoop neem.
Die idee van selfverantwoordelikheid kom uit die Solidariteit-beweging se Christelike tradisie. Christelike vakbonde regoor die wêreld het ’n sterk karakter van selfverantwoordelikheid wat gebore is uit die idee van roeping. Jy ontvang ’n roeping en is self verantwoordelik om dit uit te voer. Jy kan dus nie sê dat jy nie jou roeping kan uitvoer of dat jy hoop verloor het as gevolg van Zuma, ’n groot ANC-meerderheid, ’n klein opposisie of ’n demografiese realiteit nie. Nee – dit is jou verantwoordelikheid om jou roeping uit te voer. Die uitgangspunt in die Christelike vakbondwêreld is dat selfstandige instellings gevestig moet word om jou in staat te stel om jou roeping uit te voer.
Die idee van roeping en selfstandigheid is nie vreemd vir die Afrikaner nie. Die eerste Hollanders is hier gevestig met die Protestantse idee van roeping, werk en selfverantwoordelikheid. Dit was nie meer nodig dat die Roomse priester intree vir jou saligheid nie. Dit was dieselfde idee wat Afrikaners laat opstaan het na die Tweede Vryheidsoorlog en tot die stigting van organisasies soos die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die Helpmekaarbeweging gelei het. Die smarte van die oorlog is

opgevolg deur die griep van 1918 en die droogtes en depressie van die 1930's wat gekenmerk is deur die armblankevraagstuk. Weereens was dit 'n innerlik krag van selfstandigheid wat die Afrikaners in 'n onvriendelike regeringsomgewing laat opstaan het. Uit hierdie denke is die Burger, Sanlam, Volkskas, Santam, Federale Volksbeleggings, die Reddingsdaadbond en vele ander instellings gebore.

Die Solidariteit-beweging se plan vir hoop is op die idee van selfverantwoordelikheid gebaseer. Die plan word in die volgende vier slagspreuke saamgevat:

- **Veg vir hoop:** Ons glo dat ons self beheer oor ons hoop moet neem in hierdie moeilike omstandighede. Dit gaan nie maklik wees nie, daarom moet ons veg. In die plan word verduidelik hoe met die regering beding moet word. In sekere gevalle sal dit in die vorm van konflik wees en in ander gevalle sal dit in die vorm van onderhandeling wees, maar die oogmerk is om skikkings te bereik. Soms sal ons in die howe moet veg. Die ontkenning van burgerregte moet beveg word, selfs al lei dit tot hofsake. In die Solidariteit-beweging is hierdie aspek breedweg die verantwoordelikheid van AfriForum en die Solidariteit-vakbond.
- **Werk vir hoop:** Die Solidariteit-vakbond bied beskerming aan mense in die werksomgewing. Die vakbond wil mense in staat stel om te werk. Werksekuriteit gee mense hoop, maar dit gaan nie net oor afhanklikheid van die staat nie, maar ook oor selfstandigheid deur harde werk. Werksekuriteit behels dus ook 'n verantwoordelikheid om deur werk, self 'n toekoms te skep. In die plan word gewys hoe instellings op die been gebring word. In die Solidariteit-beweging is hierdie aspek breedweg die verantwoordelikheid van die Solidariteit-vakbond, die Solidariteit Groeifonds en die Solidariteit Beleggingsmaatskappy.
- **Hande vir hoop:** Hande vir hoop verwys na hande wat doen deur uit te reik na ander. In die burgerlike politiek kan daar nie net een keer elke vyf jaar in die geheim 'n kruisie getrek word nie. Mense moet betrokke raak by hulle gemeenskappe en mekaar help. In die Solidariteit-beweging is hierdie aspek breedweg die verantwoordelikheid van Solidariteit Helpende Hand.
- **Kennis vir hoop:** Die beste manier om volhoubare hoop te skep, is deur kennis. 'n Groot fokus van die Solidariteit-beweging is opleiding. Dit wissel van tegniese opleiding tot korrespondensie-opleiding. Jongmense moet ook in staat gestel word om opgelei te word. Beurse is noodsaaklik om "kennis vir hoop" te realiseer. In die

Solidariteit-beweging is Sol-Tech, Oxbridge, die Solidariteit Akademie en Solidariteit Helpende Hand breedweg vir hierdie aspek verantwoordelik.

Deur die Solidariteit-beweging se plan vir hoop wil ons keer dat die volgende miljoen mense emigreer en toesien dat die eerste miljoen wat geëmigreer het, begin terugkeer.

2) Skep hoop met burgerlike politiek

Wat duidelik uit die verkiesing na vore gekom het, is dat die politieke demokrasie in Suid-Afrika nog nie in balans is nie. Daar is tekens van balanspunte in die toekoms, maar dit is nog ver van realisering.
In ’n normale liberale demokrasie word balans in die demokrasie gevind in die feit dat partye wissel. Ons sien die ideale situasie in lande soos die VSA en Engeland waar partye gereeld wissel. ’n Party kan homself nie aan vergrype skuldig maak nie, want hy sal sy regeringsposisie verloor. In Suid-Afrika is die regeringsparty nog te dominant. Die DA se 16 persent is ’n verbetering, maar in demokratiese terme is dit bitter klein vir ’n amptelike opposisie.
Vir ’n demokrasie om in ’n ongebalanseerde stelsel van partypolitiek te kan funksioneer, moet die ander instellings van die demokrasie effektief funksioneer. Instellings van die demokrasie sluit, onder andere, sterk georganiseerde burgerlike instellings in. Indien die partypolitiek nie ’n selfingeboude balans het nie en burgerlike organisasies en ander instellings van die demokrasie oneffektief is, dan is die demokrasie aan die tirannie van die meerderheid oorgelewer.
In Suid-Afrika sal burgerlike organisasies in die naverkiesingstyd ’n baie meer aktiewe rol moet speel. Die partypolitiek het in elk geval ’n beperkte rol – dit skep ’n demokratiese omgewing, hoofsaaklik deur wetgewing, maar laat nie burgers se regte realiseer nie. Dít is die taak van die burgerlike organisasies – hulle gee uitvoering aan burgerregte en maak die Grondwet lewendig. Sonder die tussenkoms van burgerlike organisasies sou talle grondwetlike regte bloot ‘papierregte’ gebly het. Die Grondwet verseker vryheid van spraak, maar hierdie reg word deur, byvoorbeeld,

gemeenskapsradio's gerealiseer. Werkers het die reg om te staak, maar dit word deur vakbonde gerealiseer.
Suid-Afrikaanse burgers moet van die belangrikheid van burgerlike politiek bewus gemaak word. Politieke aksies deur burgerlike instellings ondermyn nie die partypolitiek nie, maar vul dit aan. In Suid-Afrika is sulke aksies van kritieke belang. In 'n verswakkende staat sal burgerlike organisasies selfs staatsfunksies moet oorneem. Goeie voorbeelde hiervan is privaat beveiliging, privaat mediese fondse en privaat skole. Die rol van burgerlike organisasies gaan net nog groter word.
Soos wat miljoene Suid-Afrikaners in rye gestaan het om vir politieke partye te stem, moet miljoene nou in die ry staan om van burgerlike politiek deel te word. Soos wat 90 persent gestem het om Zuma te stop, moet 90 persent nou bankvas agter burgerlike organisasies staan om hoop te skep.

3) Die Solidariteit-beweging as burgerlike beweging

Die Solidariteit-beweging is 'n burgerlike beweging. Die ouboet van die Beweging is die vakbond, Solidariteit. Solidariteit is gebore uit die Christelike tradisie van vakbondwese. Volgens die tradisie van vakbondwese word instellings rondom die vakbond gevestig sodat die vakbondlede selfstandig kan wees. In Suid-Afrika is die Christelike tradisie van vakbondwese, waar 'n vakbond deur 'n selfstandige beweging ondersteun word, die ideale instrument vir 'n minderheid in 'n meerderheidsomgewing.
Die Solidariteit-beweging bestaan uit 'n maatskaplike been, Solidariteit Helpende Hand, 'n burgerregtebeen, AfriForum, 'n beleggingsbeen, die Solidariteit Beleggingsmaatskappy, 'n opleidingskollege, Sol-Tech, en 'n ontwikkelingsbeen, die Solidariteit Groeifonds.
Die Solidariteit-beweging gaan in die naverkiesingstyd sy rol as burgerlike instelling in die demokrasie aktief aanneem. Nuwe inhoud gaan aan die idee van aktiewe burgerlike politiek gegee word.

Die Beweging se plan van hoop is op die volgende twee pilare gegrond:

In die eerste plek gaan *de jure*-werklikhede geskep word. *De jure*-werklikhede is regswerklikhede wat deur skikkings en ooreenkomste geskep word.
Skikkings word beding en nie uitgedeel nie. ’n Vakbondbeweging is ideaal geposisioneer vir bedinging. Soos vakbonde met werkgewers beding, moet burgerlike organisasies kollektief met die regering beding.
Kollektiewe bedinginging is nie kollektiewe bedelary nie. Bedinging behels, enersyds, druk, protes, mobilisering en litigasie en, andersyds, verhoudinge, gesprekvoering, respek en onderhandelinge met die oog op skikking. Dit is hoe die Solidariteit-beweging sy verhouding met die regering met die oog op de jure-skikkings sien.
Bedingingspolitiek is ’n andersoortige politiek. Dit is ook ’n politiek van selfrespek. Jy staan nie bakhand en is afhanklik nie; jy beding omdat jy ’n belang het.
Die Solidariteit-beweging is nie bang op met harde bedinging te begin nie. Ons doen dit al vir meer as 100 jaar.
Om *de jure*-werklikhede te skep, is nie net om vir ’n belang te beding nie, dit is ook om ’n reeds bestaande reg te verdedig. Die Solidariteit-beweging sal nie skroom om sy lede, ondersteuners en hulle gemeenskappe se reeds bestaande burgerregte te verdedig nie. Ons sal die regstelsel gebruik om regte te verdedig. Dit is nie onpatrioties om, byvoorbeeld, die regering hof toe te neem nie. Dit is juis patrioties, want so word die regstaat in stand gehou.

Die tweede pilaar van die plan van hoop is om *de facto*-werklikhede te skep. *De facto*-werklikhede word geskep deur fisies dinge op voetsoolvlak te skep. Die uitgangspunt wat in hierdie opsig geld, is dat dit nie saak maak wat die politieke werklikheid is nie, want ons skep dinge self.
Die Solidariteit-beweging het ’n aantal selfstandige instellings gestig. Hierdie instellings mobiliseer al meer as R2 miljoen per maand om vir die breë Solidariteit-beweging se lede, ondersteuners en hulle gemeenskappe tasbare dinge te skep.
Ongeveer R200 miljoen se projekte kan uit hierdie instellings gefinansier word.
Deur self dinge te skep, neem jy beheer oor jou toekoms en is jy nie meer van die staat afhanklik vir ’n toekoms nie. ’n Minderheid mag nooit sê hulle is afhanklik van ’n meerderheid vir hulle toekoms nie, veral in die geval waar die meerderheid die politiek domineer.

’n Goeie voorbeeld van ’n *de facto*-instelling wat gestig is, is Solidariteit se opleidingskollege, Sol-Tech. Dié instelling lei jongmense op in skaars en kritieke vaardighede. Aangesien rassekriteria nie in skaars beroepskategorieë toegepas word nie, word jongmense wat in skaars en kritieke vaardighede opgelei is in die praktyk van regstellende aksie vrygestel. Die wetgewing oor regstellende aksie is dus nie de jure in die parlement gewysig nie, maar is *de facto* deur ’n praktiese instelling verander. *De facto*-instellings is kragtige politieke instrumente, want dit verander die politiek in die praktyk.

Soos wat die staat verswak, sal die Solidariteit-beweging al hoe meer staatsfunksies vir lede moet oorneem. In hierdie verband sal daar veral op onderwys en opleiding gefokus word.

Deur *de jure*-skikkings en *de facto*-werklikhede wil die Solidariteit-beweging bestaande demokratiese ruimtes inneem en nuwes skep. Deur burgerlike politiek wil die Solidariteit-beweging die demokrasie versterk en in moeilike omstandighede hoop skep.

4) Aksieplanne van die Solidariteit-beweging

Die 15 aksieplanne van die Solidariteit-beweging se plan van hoop is soos volg:

1. **Miljoene rande vir opleiding**

   Daar is reeds afgeskop met ’n projek van R30 miljoen om Sol-Tech verder uit te brei. Die projek sal binne drie jaar voltooi wees. Etlike miljoene word ook belê om voor die einde van die jaar die grootste Afrikaanse korrespondensiekollege in Suid-Afrika te vestig. Die beste manier om ’n toekoms te skep, is nie deur partypolitiek nie, maar deur die politiek van opleiding.

2. **Wen die wêreld van idees**

   Solidariteit moet sy ideeraamwerk voortdurend versterk en vergroot om sukses te behaal. Die Solidariteit-beweging se wortels is in die Christelike tradisie van vakbondwese. Dit is ’n ryk tradisie en moet voortdurend herontdek en toegepas word

om ruimte te skep vir ’n minderheid in ’n meerderheidsomgewing. Die Solidariteit-beweging het ’n spesiale navorsingseenheid hiervoor gestig, asook ’n navorsingseenheid vir arbeidsverhoudinge en arbeidsekonomiese navorsing en ’n instituut vir grondwetlike en arbeidsregtelike studies. Die stryd vir ’n toekoms gaan met die stryd om idees gewen word.

3. **Bou ’n ontwikkelingsfonds**

   Die Solidariteit-beweging het die Solidariteit Groeifonds geloods om ontwikkelingsprojekte te finansier. Afrikaners kry nie allerhande ekonomiese bemagtigingsgelde nie. Die Solidariteit Groeifonds word deur lede van die Solidariteit-beweging self gefinansier. Meer as R1 miljoen word reeds elke maand ingesamel en sowat R100 miljoen se projekte kan uit hierdie fonds alleen gefinansier word. Saam met Solidariteit Helpende Hand en AfriForum se inkomste word R2 miljoen se gemeenskapsprojekte per maand gefinansier. Dit sluit die Solidariteit-vakbond se inkomste uit. Hierdie bedrae is egter nog nie naastenby genoeg nie. Nog miljoene is nodig om demokratiese ruimtes binne die meerderheidsomgewing te skep.

4. **Stig ’n reuse Afrikaanse beursfonds**

   Solidariteit het ’n multimiljoenrandse beursplatform geskep om jongmense in staat te stel om te studeer. Minstens ses verskillende Afrikaanse beursfondse word op hierdie platform geadministreer. Die droom is om elke Afrikaanse student wat wil studeer, maar wat dit nie kan bekostig nie, deur die platform te finansier.

5. **Beskerming in die werkplek**

   Een van die grootste bedreigings vir ons mense is werksonsekerheid. Die meerderheid van mense wat werk, is onseker of hulle nog oor ’n jaar werk gaan hê. Solidariteit het sy kapasiteit om mense in die werkplek te beskerm, radikaal uitgebrei. Behalwe vir ’n kundige span organiseerders in die veld regoor Suid-Afrika is die regsafdeling na 35 mense uitgebrei en hulle hanteer sowat 1 200 sake per jaar.

6. **Saamstaan en saam beding**

Die Solidariteit-beweging beoog om hierdie jaar te begin om hard met die regering en die ANC te beding. ’n Proses is aan die gang om ’n enkele standpuntdokument vir al die groot Afrikaanse organisasies op te stel. Die dokument spreek kwessies, soos Afrikaans as onderrigtaal, regstellende aksie en misdaad, aan. Sodra konsensus oor die dokument bereik is, gaan dit as agenda vir bedinging met die regering en die ANC gebruik word. Die tyd is nou ryp vir nuwe skikkings met die ANC en demokratiese ruimtes kan geskep word deur saam te staan en saam te beding.

7. Skakeling met die buiteland

Die tyd het aangebreek dat ons ons saak daadwerklik internasionaliseer. Mnr. Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, het direk na die verkiesing op ’n uitgebreide skakeltoer na ons stamlande vertrek. Die oogmerk van die toer was om maatskaplike hulp te werf en om politieke skakeling te bewerkstellig. Solidariteit het ook sy eerste buitelandse kantoor in die hoofstad van die Europese Unie, Brussel, geopen. Daar word beplan om steun te werf ten einde druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas om verskeie internasionale konvensies ter beskerming van minderhede te respekteer. Steunwerwingstoere na die Internasionale Arbeidsorganisasie en verskeie internasionale Christelike vakbondbewegings word ook beplan.

8. Organiseer Suid-Afrikaners in die buiteland

Afrikaners is oor die wêreld versprei. Emigrasie lei tot ’n verlies vir Suid-Afrika, maar dit skep ’n wêreldwye voetspoor van Afrikaners. Tientalle takke van Solidariteit Helpende Hand gaan regoor die wêreld gestig word. Dié takke gaan die naelstring wees wat duisende Suid-Afrikaners in die buiteland met Suid-Afrika verbind.

9. ’n Lied van hoop

Kunstenaars is dikwels draers van hoop. Talle Suid-Afrikaanse kunstenaars, soos Coenie de Villiers, Mathys Roets, Kurt Darren, Jannie Moolman, Rina Hugo, Carika Keuzenkamp, Anna Davel en Juanita du Plessis, het saam ’n lied van hoop vir Suid-Afrika opgeneem. Die lied gaan saam met talle ander liedjies op ’n CD, getiteld Hande vir Hoop, in Mei vanjaar deur Solidariteit Helpende Hand vrygestel word.

10. ’n Reddingsdaadkongres

Vanjaar is die 70ste herdenking van die Eerste Ekonomiese Volkskongres en die stiging van die Reddingsdaadbond, wat as dade van hoop beskou word. Daardie tyd was gekenmerk deur Afrikaner selfhelpprojekte waardeur die gemeenskap hulleself in moeilike tye opgehef het. Solidariteit Helpende Hand gaan in Oktober vanjaar 'n reuse kongres ter herdenking van die Eerste Ekonomiese Volkskongres en die stigting van die Reddingsdaadbond aanbied. Dit gaan voorafgegaan word deur verskeie voorbereidingskonferensies. Die uitkoms van hierdie gebeurtenisse gaan ook dade van hoop wees.

11. Saam pak ons misdaad aan

AfriForum se verantwoordelikheid is om die Solidariteit-beweging se teenmisdaadprogram te ontwerp en uit te voer. Verskeie streekkonferensies gaan gehou word waarheen plaaslike gemeenskapsbeveiligingsaksies genooi gaan word. Die doelwit is om 'n reuse netwerk van gemeenskapsbeveiligingsaksies te skep sodat die onderskeie aksies by mekaar kan leer. AfriForum het ook ver gevorder met sy hofsaak teen die regering oor die misdaadkwessie. 'n Saak ingevolge die Wet op Openbaarmaking van Inligting word tans voorberei om sekere misdaadstatistiek wat benodig word vir die hofsaak te bekom.

12. Beskerm burgerregte

Indien mense se grondwetlike regte nie beskerm word nie, bly dit bloot 'papierregte'. AfriForum gaan vanjaar weer talle aksies loods om burgerregte te verdedig. Hierdie aksies sal taalregte, naamsveranderings van dorpe/stede, regte ten opsigte van veiligheid, jeugaksies en vele meer insluit.

13. Stel regstellende aksie reg

Regstellende aksie moet reggestel word. Die Solidariteit Instituut vir Grondwetlike en Arbeidsregtelike Studies het 'n omvattende wysigingswet oor regstellende aksie-wetgewing opgestel. Daar gaan wyd steun vir die wysigingswet gewerf word. In Julie vanjaar gaan 'n internasionale konferensie oor regstellende aksie gehou word. Sprekers soos mnr. FW de Klerk, 'n Maleisiese kenner van regstellende aksie, professor Terence Gomez, vakbondleier René Govender, Trevor Tutu en professor Marinus Wiechers gaan aan die konferensie deelneem. 'n Waterskeidingshofsaak oor

regstellende aksie gaan teen die staat gevoer word. Die saak behoort voor Julie in die arbeidshof voor te kom en handel oor die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat geweier het om blankes aan te stel en eerder poste vakant gelaat het vir die doel van verteenwoordiging.

14. Breek die stilte rondom wit armoede

Wit armoede is die nuwe armoede in Suid-Afrika. Dit is egter ’n stille armoede, want daar word steeds min oor die situasie gepraat en min daaraan gedoen. Solidariteit Helpende Hand gaan vanjaar ’n multimiljoenrandse geletterdheidsprogram in samewerking met die Departement van Onderwys in wit plakkerskampe aanbied. Daar gaan ook nou saam met die Umsombumvu Youth Trust gewerk word om wit, minderbevoorregte jongmense toegang tot staatsbefondsing te gee. Dit volg nadat die fonds ’n verslag uitgebring het wat die probleem van wit armoede erken en aanbeveel dat wit, minderbevoorregte jongmense hulp van die staat moet ontvang. Druk gaan ook geplaas word om die besluit van die Gautengse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling om nie maatskaplike subsidies toe te ken aan organisasies wat onder arm wittes werk nie, amptelik te herroep. As deel van die proses word beplan om ’n optog van honderde arm wittes na die Uniegebou voor einde 2009 te reël.

15. Kom Huistoe-Veldtog

AfriForum se Kom Huistoe-Veldtog het reeds 3 500 Suid-Afrikaners huis toe gebring. Met die globale ekonomiese krisis is talle Suid-Afrikaners oorsee in die moeilikheid en baie wil terugkeer na hulle tuisland. Talle Suid-Afrikaners het eenvoudig nie in die ander lande aangepas nie en wil terugkom. Deel van die Solidariteit-beweging se plan van hoop is om nog duisende Suid-Afrikaners terug te bring. Om daarmee suksesvol te wees, is dit noodsaaklik dat die Veg Vorentoe Plan van Hoop ’n sukses is. Ons moet veilige ruimtes hier skep waarheen Suid-Afrikansers in die buiteland sal wil terugkeer. Druk moet op die regering geplaas word, maar ons kan nie ons plan onafhanklik van die regering uitvoer nie.

5) Burgerlike politiek vra aktiewe deelname

Burgerlike politiek is, in wese, anders as partypolitiek. Met partypolitiek moet jy bloot in die geheim stem en só deelneem aan die politieke demokrasie. Met burgerlike politiek moet jy aktief deelneem. Burgerlike politiek vra meer energie, maar maak ook meer energie los.

Daar is vier toegangspunte vir deelname aan die Solidariteit-beweging:

- As jy werk, kan jy by die vakbond, Solidariteit, aansluit. In die huidige ekonomiese krisis is dit onverantwoordelik om te werk en nie lid van ’n vakbond te wees nie. Hoe sterker die vakbond is, hoe beter kan hy sy rol as burgerlike waghond in die breë arbeids- en ekonomiese wêreld speel.
- As jy aktief wil deelneem aan die beskerming van burggeregte, kan jy by AfriForum aansluit.
- As jy mense wil help om selfstandig te wees en ’n hart het om, alhoewel nie eksklusief, arm Afrikaners en wittes te help, kan jy by Solidariteit Helpende Hand aansluit.
- Jy kan aansluit by en bydra tot die Solidariteit Groeifonds indien jy met ontwikkelingsprojekte wil help.

Almal kan dus deelneem aan die Solidariteit-beweging en so help om die demokrasie te versterk.

Ons moet hoop skep deur die volgende:

- Veg vir hoop
- Werk vir hoop
- Hande vir hoop
- Kennis vir hoop

Die Solidariteit-beweging wil nie net vir die volgende verkiesing baklei nie, maar vir die volgende geslag.